

Perdesiekte eis hoë tol

Die afgelope perdesiekteseisoen het weer sy kwota tragedies gehad met baie slagoffers onder die perdebevolking in die land. Dit is hoofsaaklik die gevolg van warm, nat somers, gevolg deur besonder gematigde winters oor die grootste deel van ons land in die afgelope twee jaar.

Die seisoen se statistiek van aangetekende gevalle in die verskillende provinsies tot en met 15 Mei is soos volg:

Gauteng – 507

Noord-Kaap – 201

Mpumalanga – 109

Wes-Kaap – 107

KwaZulu-Natal – 103

Die ander provinsies het heelwat minder as 100 aangetekende gevalle gehad. Van die 1 515 aangetekende gevalle landswyd, is 783 vrektes aangeteken.

Volgens 'n verslag van die *African Horse Sickness Trust*, word navorsing tans oor verskeie aspekte van die siekte onderneem. Van die vroeë wat nagevors word, sluit in:

- Waar oorwinter die virus?
- Wat is die primêre bron van uitbrake?
- Watter rol speel die sebra en die donkie?
- Watter behandeling is effektief – indien enige?
- Kan 'n mens 'n perd se risiko tydens die uitbraak van die virus bepaal?
- Kan sommige perde 'n besmettingsbron wees?
- Waarom is die uitbraak se verspreidingspatroon anders as wat algemeen aanvaar is?
- Is dit een infeksie of 'n menigte virusse wat 'n perd doodmaak?

Na 'n bespreking met die Departement van Landbou, is ooreengekom dat alle inligting oor uitbrake nou deur slegs een kanaal sal gaan. Dit sal voorkom dat inligting nie in die proses verlore



raak omdat te veel institute dieselfde werk dupliseer nie. Die departement sal die koste van toetse by die Onderstepoort Veeartsenykunde Instituut dra.

Navorsing oor entstowwe gaan steeds voort by verskeie fasiliteite in Suid-Afrika (hoofsaaklik by Onderstepoort), die Verenigde Koningryke (Avimune) en Dubai (CVRL).

Die trust het tot op hede grotendeels befondsing vanaf die TBA, Sanef en 'n paar private skenkers ontvang. Meer fondse word eger benodig. Perdeliefhebbers kan die trust se webwerf besoek by www.africanhorsesickness.co.za en uitvind hoe om 'n bydrae te maak. **SAH**